

# Nuwe Lied Bediening

*Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.*

Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, dié Gesalfde Een, die boodskap van יהוה-God is wat vlees geword het! Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende ‘man hu’ wat uit die hemel gestuur is en יהוה se Torah vervolmaak het. Sonder die Afgesonderde Gees wat in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!  
**Yeshua is die hart van die Vader!!**

## **Parashah 24: Vayikra (ויקרא) – Hy het Geroep**

יהוה het Mosheh geroep en met hom gepraat vanaf die Tent van Ontmoeting en gesê..... Lev. 1:1 – PWL<sup>1</sup>

**Torah:** Lev. 1:1 tot 6:7<sup>2</sup>

**Haftorah:** Jes. 43:21 tot 44:23.

**Nuwe Verbond:** Mark. 7:1-30; Rom. 8:1-13; Heb. 9:11-28; 10:1-22; 13:10-16.

**H**ierdie notas is aanvullend tot vorige notas vir Parashah 24 wat afgelaai kan word by: [http://nuwelied.info/?page\\_id=1182](http://nuwelied.info/?page_id=1182).

*Holiness is the strength of the soul. It comes by faith and through obedience to God's laws and ordinances. God then purifies the heart by faith, and the heart becomes purged from that which is profane and unworthy. When holiness is achieved by conforming to God's will, one knows intuitively that which is wrong and that which is right before the Lord. Holiness speaks when there is silence, encouraging that which is good or reproving that which is wrong – James E. Faust.*

*If you don't delight in the fact that your Father is holy, holy, holy, then you are spiritually dead. You may be in a church. You may go to a Christian school. But if there is no delight in your soul for the holiness of God, you don't know God. You don't love God. You're out of touch with God. You're asleep to his character – R.C. Sproul.*

*The Bible was not given for our information but for our transformation. – D.L. Moody.*

*If our circumstances find us in God, we shall find God in all our circumstances. – D.L. Moody.*

*There can be no such thing as perfect happiness till there is perfect holiness. – Charles Spurgeon.*

<sup>1</sup> Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling ([www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by [gerrie@padwlewe.ch](mailto:gerrie@padwlewe.ch) of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

<sup>2</sup> Volgens sommige vertalings, soos byvoorbeeld in die *Complete Jewish Bible* is Lev. 6:1 tot 7 deel van hoofstuk vyf van Levitikus.

## Torahbespreking

### Hersiening

In verlede week se Torahskriflesing het ons aan die einde van Exodus (*Sh'mot*) gekom. Exodus se sentrale tema is die *verlossing* (redding, bevryding) van Yisra'el. Dit vertel hoe יהוה Sy uitverkore volk gered het van die slawejuk van Mitzrayim sodat hulle Hom as 'n koninkryk van priesters en afgesonderde volk (Ex. 19:6) kon dien volgens 'n verbondsverhouding, en sodat Hy vir Yisra'el 'n God en Koning in die Beloofde Land, Kena'an kon wees.

Hierdie tweede boek van Mosheh het geëindig met die oprigting van die tabernakel en met die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה wat die tabernakel gevul het (Ex. 40:34-38). Hierdie was vir Yisra'el 'n nuwe begin!

En so begin ons ook met die derde boek van Mosheh – van die Torah – naamlik Levitikus. Die Hebreuse naam van hierdie boek is *Vayikra* wat afgelei is van Lev. 1:1 wat begin: יהוה *het Mosheh geroep*.... Die sewentig Rabbies wat die Tanakh in Grieks vertaal het, het hierdie boek egter Levitikus genoem en dit beteken: *Met betrekking op (tot) die priesters*.

Levitikus is die middelste en kortste boek van Torah. Die hooftema is afgesonderdheid en die sleutelteks kan as Lev. 11:45 beskou word:

want Ek is יהוה wat julle uit die land van Mitzrayim uitgebring het om julle God te wees. Julle moet daarom afgesonderd wees omdat Ek afgesonderd is.

יהוה het vir Mosheh geroep om vir Yisra'el die onderrig en instruksies te leer hoe hulle by wyse van die tabernakel, Levitiese priesterorde en offerandes nader aan יהוה, en in die regte verhouding met hulle God van Verlossing, moet leef. Levitikus is die onderrig in afgesonderdheid en onpartydige opregtheid van die ou verbond.

In die boek van Levitikus leer ons dat:

- ❖ Vergifnis van sonde alleenlik deur die onskuldige is wat in die plek van die skuldige sterf, en dat
- ❖ Vergifnis opgevolg moet word deur gehoorsaamheid aan יהוה se onderrig en instruksies (Torah).

Die offerandes (Hebreeus: *korban*) kan ook gesien word as 'n vorm van aanbidding waar elkeen die geleentheid kry om sy verbintenis en sy toegewydheid by wyse van 'n offerande teenoor sy Skepper-God te demonstreer.

In hierdie week se Torahskriflesing leer ons van die vyf baie belangrike offerandes (*korbanote*).

### Die Offerandes

Die oortreding van Torah (die wet) is sonde (1Joh. 3:4) en is 'n 'besoedeling' wat 'n toestand van onreinheid veroorsaak en dus verwydering tussen יהוה en die oortreder van Torah tot gevolg het. Die doel van die offer (*korban*)<sup>3</sup> is om die sondaar te reinig sodat hy weer in יהוה se teenwoordigheid kan staan in 'n verhouding wat herstel is. Dit is dan die kerndoel van die

<sup>3</sup> *Korban* is afkomstig van die grondwoord *karov* wat die volgende beteken: *toenadering, om naby te kom* en *om 'n verhouding aan te knoop*.

offerandes, naamlik om nader aan יהוה te beweeg en die verhouding tussen die mens en יהוה te herstel. Levitikus leer ons dus van יהוה se genade van versoening by wyse van die onskuldige wat in die plek van die skuldige sterf.

### Tipe Offerandes

Daar is vyf tipe offerandes (*korbanote*), naamlik:

| Offerande  | Doel en Betekenis  |
|--|--|
| Brandoffer ( <i>Olah</i> ) <i>Burnt Offering</i> .<br>Lev. 1:1-17; 6:8-13; 8:18-21; 16:24                | Vrywillig. Versoening vir onopsetlike sonde van verkeerde handeling (optrede) en onrein gedagtes. Offer van toewyding, oorgawe en onderwerping. Ook die daaglikse (oggend en aand) offer. Die eerste en noodsaaklikste stap van nader (opwaarts) beweeg aan יהוה.                                    |
| Spysoffer ( <i>Minchah</i> )<br><i>Meal/Grain Offering</i> . Lev. 2:1-16;<br>6:14-23.                    | Vrywillig. Nie weens sonde nie, maar dankbaarheid vir יהוה se goedheid en voorsiening. Bereidwilligheid tot gehoorsaamheid en 'fellowship'. Geen suurdeeg of heuning. Fynmeel, olie en sout – geregtigheid, die Afgesonderde Gees en smaak/preservering. [10% verbrand en 90% deur priesters geëet]. |
| Dankoffer / Loffer<br>( <i>Shlamim/shalam</i> ) <i>Peace Offering</i> .<br>Lev. 3:1 tot 17; 7:11 tot 34. | Vrywillig. Nie weens sonde, maar uit dankbaarheid vir <i>shalom</i> , vriendskap, versoening en onderlinge broederskap ( <i>fellowship</i> ).  |
| Sondoffer ( <i>Chatas</i> ) <i>Sin Offering</i> .<br>Lev. 4:1 tot 5:13; 6:24-30; 8:14-17;<br>16:3-22.    | Verplichtend. Vergifnis en versoening vir onopsetlike sonde weens nalatigheid (dit was per ongeluk) en onkunde. Ons almal het gesondig. Belydenis is 'n daad van bevryding en herstel.   |
| Skuldoffer ( <i>Asham</i> ) <i>Trespass /<br/>Guilt Offering</i> . Lev. 5:14 tot 6:7;<br>Lev. 7:1-6      | Verplichtend. Vergifnis en versoening vir onopsetlike sonde wat restitusie (vergoeding van skade) vereis.  |

Terwyl dit waar is dat Yeshua die eenmalige offer is wat al die verskillende offerandes vervul het, is dit eweneens waar dat ons nie die ware betekenis daarvan kan verstaan sonder om die betekenis van die verskillende offerandes te verstaan nie.

Diere as offerande was bedoel as 'n intense konfrontasie met sonde! Die skuldige, naamlik die oortreder van יהוה se Torah (die sondaar) het met berou 'n dier as offerande gebring. Dan het hy sy hande op die dier se kop gelê, as simbolies van die oordra van die sonde, en was sodoende gedwing om tot selfkennis te kom van die 'skade' wat sonde aangerig het. Hierdie besef het werklikheid geword wanneer die dier se keel afgesny was en die verskillende dele volgens voorskrif op die brandofferaltaar verbrand was. Dit was 'n baie persoonlike en emosievolle ervaring van die onskuldige wat in die plek van die skuldige gesterf het. Die offer van diere was bedoel om 'n weersin in sonde – die oortreding van Torah – te verwek! Daarom is dit te verstane dat deel van die gebede van Judaïsme is om God te vra om hulle te leer en te help om sonde te haat!

Beide die sondoffer en die skuldoffer was verplichtend en beide was vir nie-opsetlike sonde, naamlik oortreding van Torah weens onkunde of weens die swakheid van die vlees. Daar was

geen offerande vir opsetlike sonde nie, met ander woorde sonde wat doelbewus gedoen word. Dit herinner ons aan die woorde van die skrywer van die brief aan die Hebreërs:

26 want as iemand opsetlik sondig nadat hy die kennis van die waarheid ontvang het, is daar nie 'n offer wat agterna geoffer kan word vir sondes nie,

27 maar die verskriklike oordeel van die verterende vuur, wat die teëstanders sal verteer.

28 As iemand teen die wet van Mosheh oortree het, sterf hy op die getuienis van twee of drie sonder oorsien.

29 Hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy ontvang wat die Seun van God vertrap het en die bloed van Sy verbond gewoon geag het, wat daardeur afgesonder is en die Gees van onverdiende guns verag het?

30 Ons ken Hom wat gesê het: "My kom die wraak toe, Ek sal terugbetaal," sê יהוה; en weer: "יהוה sal Sy volk oordeel."

31 Dit is verskriklik erg om in die hande van die lewende God te val. Heb. 10:26-31.

Mag elkeen wat ore het hierdie woorde hoor en dit ter harte neem! Want elkeen wat moedswillig en wetend 'n gebod oortree, verhef homself of haarself bokant יהוה en bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie!

### **Gehoorzaamheid of Offerandes?**

Soos reeds genoem, is die hooftema in Levitikus afgesonderdheid (heiligmaking). Daarom handel Levitikus hoofsaaklik oor die verpligtinge van die priesters ten opsigte van veral die hantering van die offerandes, asook die onderrig en instruksies vir 'n voorspoedige en ordelike samelewing.

*Vayikra* (Levitikus) kan opgesom word as YHWH wat Sy Bruid roep tot 'n leefwyse van afgesonderde geestelike gemeensaamheid met Hom deur die offerandes. Levitikus is die handleiding vir hoe om in die tabernakel, naamlik in die teenwoordigheid van יהוה, volgens Torah te leef. Gehoorzaamheid aan Torah is afgesonderdheid en is die offergawe wat ons vir יהוה bring!!

Maar wat vereis יהוה meer as enige iets anders? Is dit offerandes of gehoorzaamheid? Die antwoord is dat יהוה eerstens gehoorzaamheid vereis en dan offerandes wat volgens Torah gebring word.

Dit is die les wat koning Sha'ul geleer het. Hierdie les geld ook vir elkeen van ons vandag, naamlik dat יהוה, ons Vader, gehoorzaamheid vereis en nie offerandes wat as goeie bedoelings na Hom as plaasvervanger vir gehoorzaamheid gebring word nie.

Nadat Sha'ul as koning gesalf is, het hy in opdrag van יהוה gegaan om die Amalekiete te verslaan. יהוה het duidelik aan Sha'ul opdrag gegee om almal dood te maak en alles te vernietig. Hy mag niemand se lewe gespaar het nie, en ook geen oorlogsbuit geneem het nie, want God het beveel dat Hy alles met die banvloek moet tref (1Sam. 15:1-3). Na die oorwinning het Sha'ul egter vir koning Agag gespaar en die beste van die kleinvee, beste en skape, asook alles wat van waarde was geneem (1Sam. 15:4-9).

יהוה het toe deur die mond van Sh'mu'el vir Sha'ul gekonfronteer met die woorde: "Waarom het jy nie die stem van יהוה gehoorzaam nie, maar op die buit afgestorm en gedoen wat boos is in die oë van יהוה?" Sha'ul se verweer was egter dat die bedoeling was om die beste van die bangoed as offer aan יהוה op Gilgal te bring. Hierop het Sh'mu'el vir Sha'ul geantwoord:

22 Sh'mu'el het gesê: “Het יהוה soveel behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van יהוה? Let op, om gehoorsaam te wees is beter as offers; om te luister beter as die vet van ramme,

23 want rebellie is soos die sonde van waarsêery en opstandigheid is soos oortredings en afgodery. Omdat jy die woord van יהוה verwerp het, het Hy jou as koning verwerp.”

24 Toe sê Sha'ul vir Sh'mu'el: “Ek het gesondig; ek het waarlik die bevel van יהוה en u woorde oortree, want ek was bang vir die manne en het na hulle stem geluister; 1Sam. 15:22 en 24.

Sha'ul se goeie bedoelings met die offerande van dit wat יהוה met die banvloek getref het, het nie vergoed vir sy ongehoorsaamheid nie. Ongehoorsaamheid aan יהוה is sonde en bring oordeel. Intendeel, weens Sha'ul se ongehoorsaamheid was hy sy koningskap kwyt! יהוה, ons Vader, het behae in gehoorsaamheid, maar ongehoorsaamheid aan Hom is sonde wat gelykstaande is aan waarsêery en afgodery. So maklik kan ons ook met allerhande offerandes probeer om gehoorsaamheid te vermy!

Soos Sha'ul is ons ook dikwels vir ons geliefdes en familie bevrees (1 Sam.15:26) en volg dan, teen ons beter wete, eerder die pad van ongehoorsaamheid. Ons kan nie vir Vader God iets in die plek van gehoorsaamheid aanbied nie. Indien ons moedswillig ons Vader se Torah, oortree, is ons beste bedoelinge wat ons as offerande aanbied om nader aan יהוה te beweeg, nie goed genoeg nie! Ongehoorsaamheid is sonde, dit veroorsaak verwydering tussen יהוה en die mens en dit sal gestraf word.

Is ons nie ook dikwels besig om dinge wat Vader as 'n banvloek beskou aan Hom te probeer offer nie? Dit wat met die banvloek getref is, is dit wat ons uit ons lewe moet verban. Dit moet vernietig en uitgeroei word en ons mag niks daarmee te doen hê nie!!

Die rede hoekom daar nie meer die offerandes soos in Levitikus beskryf word, gebring word nie, is nie omrede daar nie meer 'n tempel is nie! Nee, dit is omrede Yeshua die eenmalige offer was! Die offers wat ons wel vandag bring word opgesom in die woorde van die apostel Sha'ul:

1 My broers, daarom smee ek julle, deur die guns van God dat julle jul liggame beskikbaar stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offers vir God; dit is julle logiese dienswerk

2 en moenie hierdie wêreld navolg nie, maar word verander deur die vernuwing van julle denke en julle sal kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is. Rom. 12:1-2.

Uiteraard kan jy of ek nie onself op die brandofferaltaar offer nie, maar ons kan wel onself in totaliteit van gees, siel en liggaam aan יהוה beskikbaar stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offer. Daarmee saam moet ons alle selfisme (die eie-ek) offer (kruisig) en die vernuwing van ons gedagtes, woorde en daade ondergaan sodat ons kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is en dit dan doen. Dit is wat ons dienswerk as 'n Malki-Tzedek koninklike priesterdom behels. Dit is ons offers tot afgesonderdheid!

Ons kan nie ons selfisme of enige iets van die wêreld wat deur יהוה met die banvloek getref is as offerande bring nie. Dit is ongehoorsaamheid!

Jy mag ook geen verwerplike ding in jou huis inbring nie sodat jy nie saam met dit totaal vernietig word nie. Jy moet dit ten diepste verafsku en dit geheel en al haat, want dit is iets wat verban is. Deut. 7:26.

Talle tradisies en leerstellings van beide die Christendom en Rabbynse Judaïsme het ‘n heidense oorsprong. Wat is dit anders as om te vra: *Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien? – dat ek ook so kan doen* (Deit. 12:30). Hierdie is vreemde offers aan vreemde gode! Goeie bedoelings gaan nie maak dat יהוה dit nie meer as ‘n gruwel sal beskou nie! Indien יהוה sê dat iets ‘n gruwel is, dan is dit, en bly dit, ‘n gruwel.

In die Skrifte van die nuwe verbond lees ons ook van die ander offers wat ons bring:

- ❖ Efes. 5:1 en 2 – ‘n liefdesoffer van aangename reuk.
- ❖ Fil. 2:17 – ‘n drankoffer. Die bereidwilligheid om te sterf vir die waarheid van die Evangelie.
- ❖ Heb. 13:15-16 – ‘n loffer van die vrug van die lippe wat Sy Naam bely, en ‘n offer van weldadigheid en mededeelsaamheid.

Ons kan egter slegs al hierdie offerandes verstaan in die lig van die doel en die betekenis van die verskillende offerandes soos in Levitikus beskryf word en hoe dit in Yeshua vervul is. Hy is die eenmalige offer (Joh. 1:29 en 36; Ef. 5:2; Heb. 7:27; Heb. 10:11-12; Jak. 1:14 en 15).

### **Bepeins of Bespreek**

1. Omrede daar nie meer ‘n tempel is nie, en daar dus nie meer geoffer kan word nie, glo Rabbynse Judaïsme dat die bestudering van Torah en die daaglikse gebede die offerandes vervang het. In die Talmud is dit geskryf dat *one who occupies himself in study of the laws of the offerings is considered as if he brought them*. Hierdie siening word bevestig deur Rabbi Ari Enkin (Rabbynse Direkteur, United With Israel): *Study the laws of the sacrifices, and it is as if you had actually offered them! It's like double points!* Is hierdie siening versoenbaar met Torah of is dit die leerstelling van mense? Kan daar vergifnis van sonde wees sonder die bloed van die onskuldige wat in die plek van die skuldige gesterf het?
2. Ons moet besef dat wanneer die derde tempel gebou gaan word, gaan daar offerandes gebring word deur ‘n priesterorde wat Yeshua as die eenmalige offer verwerp! Kan jy jou hiermee vereenselwig?
3. As gelowiges in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Gesalfde Een, en as gelowiges wat Torah gehoorsaam lewe, staan ons in die middel tussen die Christendom wat Torah verwerp en Rabbynse Judaïsme wat Yeshua verwerp! Dink aan die gevolge hiervan soos eindtyd gebeure ontvou!
4. Hoeveel seëninge is ons dalk kwyt weens vreemde offerandes wat gebring word in ongehoorsaamheid aan Torah? Het jy jouself hierdie vraag al gevra?

### **Geroep tot Onpartydige Opreghheid**

As deelgenote van die nuwe verbond in Yeshua is ons ook deur יהוה geroep (*vayikra*) as ‘n gekose nasie om as priesters in יהוה se Koninkryk te dien (1 Pet. 2:9) en is die Skrifte van die nuwe verbond, soos dit in Yeshua vervolmaak is, ons “Levitikus”, naamlik dit wat betrekking het op die priesters volgens die orde van Malki-Tzedek.

Maar ons fondament is steeds die eerste vyf boeke van Mosheh, want die beginsel en die wese van die Torah kan nie verander nie en moet gehoorsaam word! Alles vir altyd!

Verandering in die omgewing en omstandighede, en wat dikwels gekoppel word aan die bepaalde verbond wat ter sprake is, bring egter 'n aanpassing in die praktyk en die toepassing van יהוה se Torah.

Voor Yeshua was Torah gerig rondom die tempel en die fisiese toepassing van die wet, maar tog heenwysend na 'n groter waarheid. Dit beteken dat onder die ou verbond was יהוה se Torah toekomsgerig. Na Yeshua se koms – na Sy folterdood en opstanding – het die klem egter verskuif na die geestelike verstaan, die volheid (vervulling) in Hom en die doen in hierdie geestelike begrip daarvan. Nou is ons liggaam die tempel en al die praktiese wette daarvan word in my deur vertrouwe in Yeshua as Die Gesalfde Een volvoer en voltooi. (1Kor. 6:19-20).

Daarom, net soos onder die ou verbond, is die opdrag in die nuwe verbond ook om soos יהוה afgesonderd te wees

13 Bind daarom die heupe van julle verstand vas, wees volkome waaksaam en verwag die onverdiende guns wat julle deel word by die openbaring van Yeshua, Die Gesalfde Een,

14 soos gehoorsame kinders en moenie weer deel kry aan julle vorige begeertes wat julle sonder kennis begeer het nie,

15 maar wees afgesonderdes in al julle lewenswyses, soos wat Hy wat julle geroep het, afgesonderd is

16 omdat daar geskrywe is: “Wees afgesonderd, soos Ek afgesonderd is.” 1Pet. 1:13-16.

Die Torah van Mosheh, en veral die boek van Levitikus, was slegs 'n sinnebeeld hiervan en het heengewys na 'n groter geestelike waarheid. Ons moet verstaan dat die mees uitstaande Karakter van יהוה is Sy morele volmaaktheid en Sy etiese standaard van reinheid, naamlik die reëls en vereistes ten opsigte van rein gedagtes, woorde en dade. Dit is die skietlood wat ons onself mee moet meet. Daarom God gesê:

Jy moet daarom volmaak wees net soos julle Vader in die hemel volmaak is'." Matt. 5:48.

Om afgesonderd te wees, soos יהוה afgesonderd is, vereis 'n vrywillige en vreugdevolle onderdanigheid aan יהוה se Torah soos dit in Yeshua van toepassing is, asook om afgesonderd en vernuwe ('opgelei' en toegerus) te word vir dienswerk in Vader se hemelse Koninkryk.

16 Elke geskrif wat deur die Gees geskryf is, is voordelig vir lering, vir korreksie, vir rigting en vir 'n kursus in onpartydige opregtheid

17 sodat die man van God volmaak kan wees, volmaak gemaak vir elke goeie daad. 2Tim. 3:16-17.

Daarom moet ons onself daarop toespits om volmaak voor God te lewe as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, maar wat die boodskap van die waarheid reguit verkondig (2 Tim. 2:15).

Ons wat voorheen geen volk van God was nie, maar nou Sy volk is, moet die lofprysing van Hom, wat ons uit die duisternis geroep het, verkondig (1 Pet. 2:10).

## **Die Hemelse Tabernakel**

Joh. 14:6 is 'n baie kort opsomming van wat 'n studie van die tabernakel ons leer.



Yeshua antwoord hom: “Ek is onveranderlik dieselfde, die Pad, die Waarheid en die Lewe; niemand gaan na My Vader toe, behalwe deur My nie.

Yeshua is die enigste pad van waarheid tot die ewige lewe! Die toepassing van hierdie geestelike waarheid is om Matt. 6:33 te doen, naamlik: “...soek eerste die Koninkryk van God en Sy onpartydige opregtheid en al hierdie dinge sal ook vir julle bygesit word”.

Dit was van die begin af יהוה-God se begeerte om in die midde van Sy Skepping te woon. Hierdie feit word deur Gen. 1:1 bevestig, maar is in die Hebreeus verskuil. In Afrikaans lees ons: “In begin het God die hemele en die aarde geskep” en in Hebreeus is dit: “*B’reisheet bara elohim et ha’shamayim va-et ha’eretz*”

Die eerste letter van die eerste woord van Torah (Gen. 1:1) is *bet/vet* (ב) en beteken *huis* of *tent* (letterlik) en *huishouding*, *hoof van die huis* en *koning op ’n troon* (simbolies).

Die letter *bet* is dus ’n sinnebeeld van ’n huis en ’n huishouding en die Vader van die huis, asook van ’n koning en koninkryk. Hierdie huis en huishouding sinspeel dus op die huis van יהוה.

God wou dus vanaf die begin in die midde van Sy Skepping woon en tussen Sy kinders wat onpartydig en opreg is en voortdurend God se onpartydige opregtheid soek om dit te doen!

Daarom kan die Tuin van Eden beskou word as die volmaakte eerste “Tabernakel” (Tempel) – die eerste waar יהוה in die midde van Sy skepping “kon woon” en die eerste plek van ontmoeting tussen God en die Mens (Adam en Hava). Dit was die “Volmaakte” – die plek van יהוה se Gemanifesteerde Teenwoordigheid – wat ongedaan gemaak was deur Satan se misleiding van die mens en die gevolglike sondeval (Gen. 3:1-13).

Nà die sondeval is Adam en Hava uit die Tuin uitgedryf, terwyl Géruks die poort aan die oostekant bewaak het.

Daarna het יהוה-God Sy Raadsplan in werking gestel om alles te herstel soos dit aan die begin was. Deel van hierdie Raadsplan was die oprigting van die Tabernakel, en later die tempel, om weer ’n “Tuin van Eden” in die klein te skep waar God weer in die midde van Sy Skepping, tussen Sy kinders, kon woon en hulle in Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid kon lewe.

Ons weet dat soos dit aan die begin was, so sal dit ook aan die einde wees. Dit is wat יהוה deur die mond van Yesha’yahu gespreek het:

<sup>9</sup> Onthou die dinge wat van ouds af was, want Ek is God en daar is geen ander nie; Ek is God en daar is niemand soos Ek nie;

<sup>10</sup> wat van die begin af die einde verklaar en van die ou tyd af dinge wat nog nie gedoen is nie; wat sê: ‘My plan sal stand hou en Ek sal al My begeertes uitvoer. Jes. 46:9-10.

Die begin openbaar dus vir ons hoe dit aan die einde sal wees – na voltooiing van יהוה se Raadsplan! Die Tuin van Eden was die begin! Daarom sal die einde ’n herstellende ‘tuin van Eden’ wees – ’n nuwe aarde en ’n nuwe Yerushalayim.


<sup>1</sup> Ek het die nuwe hemele en ’n nuwe aarde gesien, want die vorige hemele en die vorige aarde het weggegaan en die see was nie meer nie....



10 Hy het my in die gees gedra na 'n groot, hoë berg en vir my die stad gewys, die afgesonderde Yerushalayim, wat uit die hemel vanaf die Teenwoordigheid van God afkom.

22 en ek het nie die tempel daarin gesien nie, want יהוה-God, wat alles vashou, is sy tempel. Open. 21:1, 10 en 22.

### Die 'Tabernakel' (Tempel) van die Tuin van Eden



Dit kan so verduidelik word: Daar was 'n Land van Eden (1), wat 'n Tuin gehad het (2), waar die Middelste deel (3) die belangrikste was. Daar was ook die Landstreek Nod, Oos van Eden.

Die Middel van die tuin (3) was die deel waar hulle met יהוה ontmoet het en in Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid kon wees – tussen die bome (Gen. 2:9, 3:8). Dit sou ooreenkom met die Mees AfgesonderdePlek (Allerheiligste) waar net die Hoëpriester een maal per jaar kon ingaan.

Die Tuin van Eden (2) is vergelykbaar met die Afgesonderde Plek (Heiligste) waar net die priesters kon ingaan.

Die Land van Eden (1) is vergelykbaar met die Voorhof. Na die sondeval is Adam en Eva uit die Tuin van Eden uitgedryf tot in die land Eden (Gen. 3:23). Gérubs het nou die ingang tot die Tuin van Eden en die Middel van die Tuin bewaak (Gen. 3:24).

Die Land van Eden is die plek waar die brandofferaltaar was soos dië waarby Kayin en Hevel geoffer het. Hulle het offers gebring by 'n altaar en waarskynlik het hulle dit by Adam en Eva geleer. Dit was by die Oostelike poort en het heengewys na die uiteindelijke offer van Yeshua as Lam van God wat die sonde van die wêreld sou wegneem (Joh. 1:29).

Kayin het nàdat hy vir Hevel doodgemaak het, na Nod gegaan wat Oos van die land van Eden was (Gen. 4:16). Nod beteken swerwend of rondtrekkend en dit was Oos van Eden.

In יהוה se alwetendheid het God geweet die mens sou eet van die ‘Boom-van-die-Kennis-van-Goedheid-en-Boosheid’(Gen. 2:17) (sondig), en daarom is die Lam wat geslag moes word tot vergifnis en versoening, al aangestel voor die vorming van die wêreld.

- 17 As julle jul op Hom as Vader beroep, wat onpartydig oordeel volgens elkeen se dade, leef dan in respekvolle vrees gedurende dié tyd wat julle vreemdelinge is  
 18 omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle leë dade wat tradisioneel deur die vaders oorgedra is nie,  
 19 maar deur die kosbare bloed van die Lam, waarin geen gebrek of vlek is nie, wat dié Gesalfde Een is,  
 20 wat wel voor die tyd hiervoor aangestel is, voor die vorming van die wêreld, maar in hierdie laaste tye openbaar is, om julle ontwil. 1Pet. 1:17-20.

Sedert Gen. 3:15 tot en met Yisra’el se aankoms by Sinai, het alle altare waarop offers tot יהוה-God gebring was, heengewys na Yeshua, dié Gesalfde Een, en die eenmalige offer van vergifnis en versoening (Heb. 10:1-12). Daarna het God vir Mosheh opdrag gegee om die tabernakel te bou sodat יהוה in die midde van Sy volk kon woon (Ex. 25:8 – 9). Dit was ‘n replika van die Hemelse tabernakel (Heb. 9:23–24, Heb. 8:5).

Die brandofferaltare van die tabernakel sou voortaan die plek wees waar alle offers aan God gebring sou word en was ‘n sinnebeeld van die folterpaal waar die Lam van God “ge-offer” sou word.

Die tabernakel in die wildernis was יהוה se eerste stap om die Tuin van Eden te herstel sodat alles kan wees soos wat God dit aan die begin voor die sondeval geskape het waar die mens in die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה geleef het.

Daarom: Die einde word deur die begin verklaar!!

- 1 Ek het nuwe hemele en ’n nuwe aarde gesien, want die vorige hemele en die vorige aarde het weggegaan en die see was nie meer nie  
 10 Hy het my in die gees gedra na ’n groot, hoë berg en vir my die stad gewys, die afgesonderde Yerushalayim, wat uit die hemel vanaf die Teenwoordigheid van God afkom.  
 22 en ek het nie die tempel daarin gesien nie, want יהוה-God, wat alles vashou, is sy tempel.  
 23 Vir die stad en die Lam is die son of die maan nie nodig om te skyn nie, want die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God verlig dit en die Lam is sy lamp. Open. 21:1, 10, 22-23.

Die nuwe hemel en die nuwe aarde gaan weer יהוה se Tuin van Eden wees!! Dit sal Sy Tabernakel (Tempel) wees!!

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!  
 Johan.

Epos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)  
 Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*